

Europa Toer en Passie Spele 12 – 23 Mei 2020

Saam met Esté Geldenhuys

Omdat vlugte slegs 12 kalendermaande voor die vertrekdatum bespreek kan word, kan die besonderhede van die vlug waarvan ons sal gebruik maak, nog nie bekendgemaak word nie. Ons vertrou dat ons grootliks van 'n nagolugte sal kan gebruik maak. Die prys vir die vug hier inberekening gebring is gebaseer op huidige pryse.

Toergroep vertrek uit SA op Dinsdag 12 Mei.

Dag 1 – Woensdag 13 Mei 2020

Praag

Ons beplan om in die middel van die dag in Praag te land. Ons sal eers na ons hotel geneem word om af te pak en daarna sal ons in die strate van die ou stad van Praag kan invaar om vir onself die atmosfeer van hiedie mooi stad te ontdek.

Aandete in die hotel.

Dag 2 – Donderdag 14 Mei 2020

Praag

Na ontbyt, sal 'n plaaslike gids by ons aansluit vir 'n voldag begeleide toer van "Goue Praag" en die belangrikste historiese plekke. Ons ontdekkingstog begin by "New Town" en die Wenceslas Plein wat altyd vol lewe is. Vandaar na die "Old Town" waar ons onder andere die beroemde Sterrekundige Horlosie sal sien en volgende sowaar die "Lesser Town". Terwyl ons stap op koppelsteenstraatjies sal ons onder andere kerke ontdek, gebou in die Tsjeggiese boustyl. Deurentyd kan mens die uitsig op die pragtige rivier met sy antieke brûe geniet.

Volgende op die lys is Praag se kasteel kompleks, die grootste middeleeuse kompleks in Europa en die setel van Tsjeggiese konings deur die eeue.

Vandaar sal ons die St Vitus katedraal met die antieke argitektuur van die Ou Koninklike Paleis beleef. Dan te voet oor die pragtige Charles Brug om die Joodse kwartiere te besoek waar 'n kykie in ou sinagoges, 'n begraafplaas en die strate van 'n Joodse Ghetto op ons wag.

Aandete en oornag in Praag.

Dag 3 – Vrydag 15 Mei 2020

Praag - Boedapest

Ons dag begin met nog 'n Europese ontbyt in ons hotel. Daarna reis ons met 'n bus 525 kilometer deur pragtige Oos-Europese Landkap. Die rit sal om en by 6 ure duur. Ons mag dalk vroeg reeds wikkel.

Boedapest is een van Europa se mooiste stede. 'n Plaaslike gids sal ons weereens begelei op 'n besoek aan die Kasteel distrik, die Matthias Kerk en "Fisherman's Bastion".

Op die Gellért Heuwel vertoef ons by 'n burg of vesting vanwaar ons 'n panoramiese uitsig oor Boedapest sal hê. Daarna 'n besoek aan die Elisabeth Brug en 'n onvergeetlike stap langs die Andrassyalaan, wat 'n wêreld erfenisgebied is. Die laaste besoekpunte vir die dag sal die operahuis en Boedapest se grootse kerk, die St Stephen's Basilica, wees.

Aandete en oornag in Boedapest

Dag 4 – Saterdag 16 Mei 2020

Boedapest - Salzburg

Ontbyt in die hotel en daarna – Salzburg! Mozart se geboorteplek en ook die stad waar "The Sound of Music" verfilm is. Weer 'n 6 ure busrit deur pragtige landskap. Busbestuurders in Europa mag nie langer as twee ure ry sonder om stil te hou nie. Gelukkig!

By die Hotel aangekom sal daar tyd wees om jouself te verfris en te rus ... of om 'n bruietablet te neem en op jou eie die strate te loop verken! Wie kom saam!?

Na 'n vroeë aandete sal ons bus ons neem na "Schloss Konzerte Mirabell". Die Baroque Marmer Saal van Mirabell Paleis word beskou as een van die mooiste en historiese belangrikste konsertsale in Oostenryk. In sy glorie dae het die Mozart familie hier vir die Salzburg Koninklikes opgetree. Dit is waar ons 'n ongelooflike ervaring van klassieke musiek in 'n spokies-atmosfeer sal beleef!



Dag 5 - Sondag 17 Mei 2020


Salzburg

Na ontbyt in die hotel sluit 'n plaaslike gids weer by ons aan en neem ons op besoek aan die "Salzburg Residence" wat voorheen die Stadspaleis van die Aartsbiskoppe van Salzburg was. Daarna besoek ons die belangrikste besienswaardighede van die ou Biskop se regeringstyd, insluitend die Katedraal, die "Festival Hall", St Peter's Abbey Kerk en sy begraafplaas (die graf van Mozart se suster Nannerl), alles aan mekaar verbind met die pragtigste stadspleine en die heerlikste atmosfeer. Aandete en oornag in Salzburg.

Dag 6 – Maandag 18 Mei 2020

Salzburg – Neushawanstein Kasteel - Oberammergau

Ontbyt in die hotel. Daarna reis ons weer (3 en 'n half uur) deur panoramiese landskappe na die wêreld beroemde Neuschwanstein Kasteel wat die droom was van 'n koning van Bavaria, Koning Ludwig II. Hy het die bouwerk aan die kasteel in 1869 begin, maar dit is nooit voltooi nie. Hy wou dit oprig as 'n monument vir die Middeleeuse kultuur en koningskap, wat hy eerbiedig het en wou naboots. Die kasteel is gebou en gemeubileer in middeleeuse style, maar toegerus met dit wat destyds die nuutste tegnologie was. Hierdie kasteel is die mees bekende historiese werk en die verpersoonliking van Duitse idealisme. On sal 'n begeleide toer deur die kasteel meemaak. Daarna - Oberammergau. 'n Rit wat 1 uur sal duur. Op pad soontoe stop ons vir 'n besoek aan die "Wieskirche". Dit is 'n pragtige toegeruste pelgrimstog - kerk. Indien moontlik sal ons die binnekant van die kerk besigtig. Aandete en oornag in Oberammergau.



Dag 7 – Dinsdag 19 Mei 2020

Oberammergau - Passiespele

Na 'n heerlike ontbyt in die hotel, sal ons die dorp van Oberammergau verken. Die uitstappie sluit 'n besoek aan die kerkgebou van die Rooms-Katolieke gemeente van St Peter en St Paul in. Hierdie is 'n belangrike besoekpunt as mens wil verstaan wat die invloed van verskillende godsdienste deur die eeue in Bavaria was. Ons sal die Oberammergau Museum besoek wat bekend is vir houtsneewerk. Daar is 'n versameling uitgestal van 'n wye reeks voorbeelde van kuns- en handewerk uit die Gotiese tot die Moderne tyd. Daardie middag en aand sal ons die opvoering van die Passiespele bywoon. Dit word in twee sessies aangebied. Die eerste deel duur twee en 'n half uur en die tweede drie ure. Dis so aangrypend,

mens besef nie eers dat jy lank sit nie. Tussen die sessies word 'n aandete aangebied wat ingesluit is in die prys. Oornag in Oberammergau.



Dag 8 – Woensdag 20 Mei 2020

Oberammergau - München

Na 'n laaste ontbyt in ons hotel in Bavaria, maak ons gereed vir 'n heerlike stap in 'n kloof net buite die dorp Garmish-Partenkirchen, in 'n park met die naam Partnachklamm. Hierdie staproete sal ons neem deur 'n kloof wat uiteindelik eindig by 'n brug wat jou bo-oor die kloof neem. Diegene wat nie oor die brug wil stap nie, kan weer met die kloof terugstap na die beginpunt. Die area is so veilig dat diegene wat net 'n ent wil stap, dit ook sal kan doen en dan terug stap na die bus toe. MAAR JA! Ons gaan stap in 'n stukkie Alpe. Onthou jou stapskoene in te pak!



Van daar sal ons per bus reis na München waar ons na ons hotel sal gaan om eers ons omgewing te verken en dan vir 'n lekker aand van saam wees en terugvoer oor ons ervarings.

Dag 9 – Donderdag 21 Mei 2020

Op hierdie dag onderneem ons 'n bustoer van München – 'n stad wat bekend staan vir sy feestelike - en besonder interessante tradisies.

Op ons roete sal ons gaan na die Olympiese Stadion, die modieuse Schwabing distrik en die Residenz, eens 'n huis van die Wittlesbach Hertoë van Bavaria.

Ons sal ook stap op besoek aan die Nymphenburg Paleis en daarna ook die Marienplatz, die middeleeuse hart van München, waar ons net bietjie moet "wegraak" om als in te drink! Jy sal ook die stad se beroemde Glockenspiel sien.

Aandete en oornag in München .

Dag 10 - Vrydag 22 Mei 2020 München - Lughawe

Ontbyt by die hotel en daarna sal ons vrye tyd gee totdat ons bus ons na die lughawe sal neem. Die beplanning van hierdie dag sal bepaal word deur tye van die vlug wat ons nog sal bespreek.

Dag 11 - Saterdag 23 Mei 2020

Terug in Suid-Afrika

Dankie Vader vir 'n wonderlike ervaring waarin ons U Naam kon verheerlik op meer as een manier!

ADMINISTRATIEF

Koste vir die toer sluit in:

Hotelverblyf met ontbyt en aandete ingesluit – 4* geriewe
Stadsbelasting
Luukse bus met lugversorging soos in die program aangedui.
Footjies vir gidse, busbestuurder en hotelle

Ten opsigte van die Passiespele – die prys vir hierdie toer sluit in:

- Akkomodasie vir 2 nagte met ontbyt ingesluit en in 'n 4* fassiliteit
- 1 toegangskartjie in die beste sitplekke beskikbaar
- 2 Aandetes (3 gang maaltye)
- Busvervoer van die hotel na die teater
- 'n studie-handleiding
- Toeriste-belasting

Omdat die gebruik van enkelkammers nie deur die komitee van die Passiespele toegelaat word nie, sal ons deurlopend op hierdie toe van dubbelkamers gebruik maak.

Koste vir die toer:

Wisselkoers R16 op een Euro
40 lede wat saam reis R45 250

Die komitee vesrantwoordelik vir die organisasie van die Passiespele, vereis dat die betalings in 'n spesifieke orde gedoen sal word. Vandaar versoek ons dat betalings asseblief op die volgende datums inbetaal sal word:

1.	Deposito met registrasie	R 5 000.00 pp
2.	Voor einde November 2019	R 8 000.00
3.	19 Maart 2020	R16 000.00
4.	15 April 2020	R16 250.00

Indien U sou verkies om op 'n meer gereelde basis afbetalings te maak, is U welkom.

Stuur asseblief ALTYD 'n bewys van betaling, U naam en verwys ook asseblief "Passiespele 2020"

Voordat die finale betaling vir beide die Passiespele asook die Europa-been van die toer gedoen word, sal die bedrag aangepas word volgens wat die wisselkoers op daardie stadium bepaal.

Inbetalings moet asseblief gemaak word in die volgende rekening:

ABSA

Naam van rekening Este Geldenhuys Promosies
Nommer van rekening 9262284663
Tak The Grove
Takkode 6329005

Ten slotte:

Enige ander navrae, kontak my gerus by:

E-pos: este@estegeldenhuys.co.za

Sel: +27 83 292 5663

Faks: 086 766 0999

Vul asseblief die registrasievorm in en stuur aan my saam met die inbetaling.